Senties JANUARIE
# Rooimier
rooimier.senties@gmail.com
1

Nuusbrief van Sentrale Volkskool Kroonstad | Skoolhoof: Mnr LGH Welthagen | Tel : 056 2125 731 | Hillstraat 92

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR :

Welkom terug na die vakansie. Ek vertrou dat u die rustyd terdeë geniet het. 'n Baie voorspoedige 2018 word u toegewens. Baie welkom terug aan al ons leerlinge. Ek vertrou dat 2018 ook vir julle 'n mooi jaar sal wees. Aan ons nuwe leerlinge wat by ons ingeskryf het, BAIE WELKOM! Ons vertrou dat julle gou julle voete sal vind en gelukkig sal wees by Sentrale Volkskool.

Ons verwelkom graag al ons ouers en veral ook ons nuwe ouers terug. Ons is dankbaar dat u Senties gekies het as die skool vir u kind. Ons vertrou dat u spoedig tuis sal wees in ons ouergemeenskap en dat u ook u kragte sal inspan by al die skool se bedrywighede. Ek is daarvan oortuig dat ons op die samewerking van al ons ouers sal kan staatmaak.'n Baie aangename en voorspoedige jaar word ons onderwysers toegewens. Vier nuwe personeellede begin vanjaar by Senties. Ons hoop van harte dat almal gou hul voete sal vind en 'n lang en gelukkige verbintenis met Senties sal hê. Baie welkom aan onderstaande persone :

Juf. Anzel Boshoff (Gr.2C), Juf. Dene Els (Engels - Senior), Juf. Monique Slabbert (Gr.2B) asook Thanos Kanellopoulos (Assistent) en Lou-Ann Swart (Assistent)



Ons wil u aandag daarop vestig dat diè oueraande baie belangrik is en dat alle ouers verplig is om dit by te woon, aangesien belangrike inligting deurgegee word. Die oueraand vind plaas op 22 Januarie 2018 om 17:30 in die skoolsaal. Almal vergader eers in die saal vir enkele belangrike sake en verdaag dan in graadgroepe saam met klasonderwysers wat 'n aantal belangrike sake met u as ouers wil bespreek.

Skoolgelde van gr. 1-7 beloop vanjaar R 10250.00 per leerling oor 11 maande, m.a.w. R 850.00 per maand met 'n aanvangsfooi van R 900. Hierdie aanvangsfooi is deel van die skoolgelde. 'n Vriendelike beroep word op elke ouer gedoen om u kind se skoolfonds stiptelik te betaal. In belang van ouers wat gereeld betaal, word uitstaande bedrae aan invorderaars oorhandig.

Aansoeke om finansiële hulp, moet nie later as 12 Februarie 2018 by mev. Elbé Wessels ingedien word. Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar. GEEN LAAT OF ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL OORWEEG WORD NIE. Stiptelike betalings en vroegtydige reëlings sal verseker dat daar nie aan die einde van die jaar agterstallige gelde is wat probleme veroorsaak nie.

Volgens departementele beleid moet daar register gehou word van vroeë verlaters van skool. Leerders wat die skool verlaat vir tandarts-afsprake, mediese afsprake, ens. sal fisies by die ontvangs uitgeteken moet word. Geen ouers mag leerders by hul klasse gaan haal nie. Geen persoon word ook voortaan in die gange toegelaat nie, mits u vergesel word deur 'n onderwyser. Ouers wat veral kleiner kinders by die skool kom haal, moet asseblief nie 'n kuierplek langs klaskamers se vensters maak nie. Dit steur die onderwysers en die leerders in die klasse. Ouers moet die skool om 07:20 verlaat. Kinders moet ook stiptelik en betyds vir skool aanmeld.
Dankie vir u ondersteuning. Mag 2018 baie geseënd en voorspoedig verloop.

| **DATUMLYS** | |
|---|---|
| **Januarie** | |
| 18 | Kleurbyeenkoms om 06:45 by Rooiskool |
| 22 | Oueraand om 17:30 in Skoolsaal.<br>Graad 1 foto's. |
| 23 | Kleuterskool oueraand |
| 25 | Swemgala by Môrewagswembad. |
| 26 | Atletiek : Fonteine-byeenkoms te Sasolburg |
| 30 | Atletiek : Satelliet 10-byeenkoms te Rooiskool |

### "Bel-'n'Sentie"

Ons beplan 'n "Bel-"n-Sentie" boekie met al die kinders en ouers se telefoonnommers daarin. Indien u nie u naam gelys wil hê nie, stuur asb. 'n briefie saam u kind na Juf. Lynné Scheepers toe voor 31 Januarie 2018.

### Baie dankie

'n Spesiale dankie aan die leerderraad-ouers wat geen moeite ontsien het om my verjaarsdagvieringe so lekker en spesiaal te maak met koek vir die hele skool en keurige eetgoedjies saam met die personeel. Dankie vir elke leerling, ouer en personeellid wat dit spesiaal gemaak het. Ek waardeer dit en koester dit!

Mnr. Welthagen




# Slaagvereistes :

**Minimum slaagvereistes:**

**Sleutels:**

Vlak 2: 30 – 39%
Vlak 3: 40 – 49%
Vlak 4: 50 – 59%

**Bevorderingsvereistes (Graad 4 – 6)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog twee ander vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 7)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog drie ander vakke.
Vlak 2 - in oorblywende vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 1 - 3)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde

## VERDAAGTYE

**Graad 1 :**

| | |
|---|---|
| Januarie - | 12:00 |
| Maandae tot Donderdae - | 13:00 |
| Vrydae - | 12:00 |

**Graad 2 :**

| | |
|---|---|
| Maandae tot Donderdae - | 13:00 |
| Vrydae - | 12:00 |

**Graad 3 :**

| | |
|---|---|
| Maandae tot Vrydae - | 13:00 |

**Graad 4 - 7 :**

| | |
|---|---|
| Maandae tot Vrydae - | 13:30 |




- ***GRAAD 7 WISKUNDE :***

Ekstra klasse (Didakties) Maandae tot Donderdae vanaf 13:30 – 14:00 vir alle leerlinge wat probleme ondervind.

- ***REVUE :***

Revue begin 5 Februarie vir alle leerlinge vanaf graad 4 – 7. Oudisies vind plaas op 12 Februarie.

- ***SWEM :***

Swem Donderdag, 25 Januarie 2018, by Môrewagswembad. Ouers moet leerlinge om 07:30 by die swembad aflaai en kan hulle weer om 12 uur daar kom afhaal. Dit is 'n verpligte skooldag vir Gr.3-7. Bring swemnoedels, plankies, binnebande saam vir ons Pretswem. Daar is 'n snoepie beskikbaar. Register sal geneem word.

- ***BESTUURSLIGGAAM :***

Bestuursliggaam verkiesing op 15 Maart 2018 in skoolsaal.

# UITSLAE :



Hokkie :

Baie geluk aan Edwin Staal wat die vakansie aan die 2018 ECHS Hokkietoernooi deel geneem het. Hy is gekies vir die 0/14 ECHS Hokkiespan wat Oktobermaand na Nederland, Duitsland en Belgie gaan toer.

Tweekamp :

Gedurende die afgelope vakansie het Senties aan Tweekamp-proewe in Welkom gaan delneem en die volgende uitstekende uitslae behaal :

| | |
|---|---|
| Seuns 0/11 | Shuan Morgan eindig algeheel 3de. |
| | Johan Kriel eindig algeheel 4de. |
| Seuns 0/13 | Gerrit Engelbrecht eindig algeheel 3de. |
| | Kobus Kriel eindig algeheel 4de. |











**KRAGTENS 'N BESLUIT VAN 'N VERGADERING VAN OUERS VAN LEERDERS VERBONDE AAN SENTRALE VOLKSKOOL, gehou op 14 NOVEMBER 2017 IS DAAR SOOS VOLG BESLUIT:**

1. Dat skoolgeld ten bedrae van R10 250-00 ooreenkomstig die bepalings van Artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (hierna "die Skolewet") vasgestel en gehef sal word vir 2018. Hierdie bedrag is saamgestel uit 'n eerste maandfooi van R900-00 en elf maandelikse paaiemente van R850-00 elk.

2. Dat die volle uitstaande skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaiement nie teen betaaldag betaal is nie.

3. Dat alle ouers verplig sal wees om skoolgeld te betaal, tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, enige toepaslike regulasies en hierdie besluit van sodanige betaling vrygestel is.

4. Dat ouers wat aanvoer dat hulle nie skoolgeld kan betaal nie, en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aanspraak maak [hierna die "die aansoeker(s)"], ingevolge Artikel 39(4) van die Skolewet, die regulasies wat daarin beoog word en hierdie besluit by die beheerliggaam om sodanige vrystelling moet aansoek doen.

5. Dat die aansoeker die beheerliggaam op 'n oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat hy / sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.

6. Dat die aansoeker se aansoek :

   6.1 skriftelik moet geskied in die vorm wat die toepaslike regulasies voorskryf;
   6.2 die totale jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawes uiteensit van die aansoeker self, enige ander persoon/persone wat ingevolge die Skolewet as ouer(s) van die betrokke leerder(s) in aanmerking kom en enige ander verdiener in die huishouding, met stawende dokumente waar moontlik;
   6.3 die samestelling van die aansoeker se gesin moet uiteensit;
   6.4 moet aandui of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aansoek gedoen word; en
   6.5 elke moontlike tersaaklike feit moet bevat wat die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer.

7. Dat geen aansoek om vrystelling wat nie aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.

8. Dat die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal oordeel of enige tipe vrystelling verleen sal word of nie, die aansoeker se voldoening aan die vrystellingskriteria sal wees, soos dit verskyn in die Skolewet en enige toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.

9. Dat hierdie besluit nie die ouer of die skool daarvan weerhou om 'n ooreenkoms aan te gaan om skoolgeld op 'n ander wyse te betaal as wat hierin voorgeskryf word nie.

10. Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige vrystellingsvoorwaardes as wat redelik geag kan word, aan 'n aansoeker op te lê.

VOORSITTER
MNR. W J BOTHA